PREEKNOTA

Datum: **08/12/2024**

1. Wat is die gevaarlikste "JA" wat jy al gegee het?

2. Hoe lyk dit om "JA" te sê vir God se plan?

Lukas 1:26-35 (NLV) [26]Toe Elisabet ses maande swanger was, het God die engel Gabriël na Nasaret, 'n dorp in Galilea, gestuur [27]na 'n jong meisie met die naam Maria. Sy was verloof aan 'n man met die naam Josef, 'n afstammeling van koning Dawid. [28]Gabriël het aan haar verskyn en gesê: "Ek groet jou, geseënde vrou! Die Here is met jou!" [29]Verward en ontsteld het Maria gewonder wat die engel se begroeting kon beteken. [30]"Moenie bang wees nie, Maria," het die engel gesê, "want God het besluit om jou te seën! [31]Jy sal swanger word en 'n seun hê en jy moet Hom Jesus noem."

Lukas 1:38a (NLV) [38]Maria het geantwoord: "Ek is die Here se dienares en gewillig om te aanvaar wat Hy ook al wil hê. Mag alles wat jy gesê het, waar word." ...

3. Wat is die implikasies om vir God se roeping in te stem?

a) "JA" vir die voorreg.
b) "JA" vir die opoffering.
c) "JA" vir die gevolge.

Prediker 5:1, 4-5 (DB) [1]Dink mooi voordat jy met die Here praat. Moenie sommer vinnige beloftes aan God maak nie. Onthou, God is baie groot en jy is baie klein. Hy is bo in die hemel en jy is onder op die aarde. Daarom moet jy mooi kyk wat jy sê. ... [3-4]As jy God iets belowe het, moet jy dit so gou moontlik doen. God hou nie van mense wat los en vas beloftes maak nie. Doen wat jy belowe het.

Besin oor die gevare, nie net die gerieflikheid van die "JA" nie.

Matteus 5:37 (NLV) [37]"Sorg dat julle ja altyd ja bly en julle nee altyd nee. Enigiets meer as dit is uit die bose."

Die grootste gevaar is die "JA" wat nooit uitgevoer word nie.

Matteus 5:33-35 (DB) [33]"Julle voorouers moes gereeld uitsprake aanhoor soos: 'Jy mag nooit 'n belofte verbreek wat jy voor God gemaak het nie. Jy moet al jou beloftes wat jy aan die Here gemaak het, nakom.' [34]Ek sê egter vandag vir julle dat julle nooit 'n belofte in die Naam van God moet maak nie. Wanneer julle by allerhande heilige plekke sweer om gesag aan julle woorde te gee, maak julle God se groot Naam goedkoop. [35]Onthou: Hy is in die hemel, maar ook hier op die aarde. En Hy hoor elke woord wat julle sê; ook al daardie vinnige beloftes wat julle in sy Naam aflê om meer gesag aan julle eie woorde te gee. Hou dadelik op daarmee!"

4. In watter area van jou lewe het God jou geroep om "JA" te sê?

Hebreërs 13:8 (NLV) [8]Jesus Christus bly steeds dieselfde – gister, vandag en vir altyd!

2 Korintiërs 1:20a (DB) [20]Hy is die bewys dat God getrou is. Christus sê nooit een ding en doen dan iets anders nie. Hy maak al God se beloftes in die Bybel waar. ...

5. Een "JA" kan die wêreld verander.

Hoe verander jou wêreld vandag?

Dienste word aanlyn uitgesaai op Facebook en YouTube
asook op **IFM 102.2** en via klankstroom op www.ifmradio.co.za / www.kg.org.za

KONTAKPERSONE:

Gemeentepredikant:
MARIUS MALAN - 082 804 0436
marius@kg.org.za

Gemeentebestuurder:
RIAAN PELSER - 082 775 7147
riaan@kg.org.za

Faktotum:
ANDRÈ VAN DER WALT - 073 960 9499
andre@kg.org.za

PREDIKANTE:

13 - 18 jaar:
KATIE REIMERS
016 004 0016 | katie@kg.org.za
FRANCO PIENAAR
074 885 2511 | franco@kg.org.za

19 - 29 jaar: TOMMIE ARPIN
082 342 6245 | tommie@kg.org.za

30 - 39 jaar: JONATHAN MÜLLER
064 658 6636 | jonathan@kg.org.za

40 - 49 jaar: EDOHAN BURGER
084 570 0669 | edohan@kg.org.za

50 - 59 jaar: NICO VAN AS
082 973 3895 | nico@kg.org.za

60 jaar en ouer: LUCAS NIEMAND
083 233 4000 | lucas@kg.org.za

Hoek van **Ravel**- en **Abrahamstrate**
Mantevrede, Vanderbijlpark
016 004 0016 / navrae@kg.org.za

KONTANTLOSE BYDRAES

BANKBESONDERHEDE:
Kompas Gemeente
Eerste Nasionale Bank
Rekeningnommer: 62609813846
Takkode: 250 655